higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MUNISIPALE ADMINISTRASIE N6

(21010086)

8 September 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MUNISIPALE ADMINISTRASIE N6
TYD: 2 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Gee EEN term vir elkeen van die volgende beskrywings deur dit langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 Inspeksie van rekeningkundige rekords en toets van interne beheerstelsels

1.1.2 Belasting gegrond op markwaarde van eiendom

1.1.3 Die beampte wat nagaan dat die belange van verskillende groepe in die plaaslike munisipaliteit erken en in ag geneem word

1.1.4 'n Stel reëls wat aandui hoe mense in 'n betrokke professie moet optree

1.1.5 Die persoon wat voorsit by alle raadsvergaderings

1.1.6 Persoon wat as voorsitter optree wanneer geskille met werknemers bespreek word

1.1.7 Geld wat deur plaaslike owerhede ingesamel word

1.1.8 'n Manier om die publiek te bemagtig wat as 'n noodsaaklike aspek van demokratiese bestuur beskou word

1.1.9 Iets wat gestruktureer word van die magtigste tot die mins magtige

1.1.10 'n Metode wat gebruik word wanneer 'n ervare instrukteur 'n nuweling oplei om 'n spesifieke werk in die werkplek te verrig

(10 × 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1-1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Die raad mag die diens beëindig van beamptes wat aan wangedrag skuldig bevind is.

1.2.2 Burgers is die inwoners van 'n wyk.

1.2.3 Die Employment Equity Act bevoordeel een geslag ten koste van die ander.

1.2.4 As die raad alle besluite outomaties goedkeur sonder om die gemeenskap ite raadpleeg, beteken dit dat hulle nie die gemeenskap se menings ernstig opneem nie.

1.2.5 Interne beheer is 'n proses wat ontwerp is om munisipale doelwitte te behaal.

Kopiereg voorbehou

1.2.6 'n Bestuurder kan al die funksies in sy direktoraat alleen behartig.

1.2.7 'n Munisipaliteit bestaan uit die politieke strukture, administrasie en die gemeenskap in die munisipaliteit.

1.2.8 Die Nasionale Tesourie is nie daarvoor verantwoordelik om regulasies voor te skryf wat munisipaliteite raak nie.

1.2.9 Geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning is 'n manier om plaaslike korporatiewe bestuur te verseker.

1.2.10 Waardasielyste teken die waarde van grond, geboue en alle eiendom binne die munisipale gebied aan.

(10 × 1) (10)

1.3 Kies EEN term uit die lys hier onder vir elkeen van die volgende beskrywings en skryf dit langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

bevordering; sewe; agt; etiek; stadsekretaris; hoof finansiële beampte; waardasie; kommunikasie; uitbou van vermoëns ('capacity building'); afwesigheid ('leave of absence'); wanadministrasie; referendum

1.3.1 'n Manier om uit te vind hoe lede van 'n gemeenskap voel oor kwessies wat hulle raak

1.3.2 Wanneer plaaslike regering iets populêr maak

1.3.3 Die persoon wat daarvoor verantwoordelik is om die notule van 'n vergadering op te stel

1.3.4 'n Proses vir die gereelde waardebepaling van eiendomswaardes

1.3.5 Die persoon wat verantwoordelik is vir die beplanning van uitgawes en voorbereiding van die begroting

1.3.6 Aantal ure wat 'n werknemer per dag mag werk

1.3.7 Iets wat 'n beampte op 'n sekere manier gedoen het wat egter tot ondoeltreffendheid gelei het

1.3.8 Die proses waarvolgens mense die publiek leer ken en hul standpunte en ondervindings deel

1.3.9 Opleiding van mense om hul vaardighede te verbeter om hulle in staat te stel om hul werk beter te doen

1.3.10 'n Regsvergunning ('legal permission') wat voor die tyd aan iemand verleen word om afwesig te wees wanneer hy of sy veronderstel is om teenwoordig te wees

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

1.4 Kies 'n woord/fase uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.4.1	Die bron van inkomste wat 'n wye veld dek van die sentrale en provinsiale regering	A	griewebeleid
		B	begroting
1.4.2	Die totale vergoedingspakket wat 'n werknemer sal ontvang	C	munisipale bestuurder
		D	rekeningkunde
1.4.3	Die mees senior beampte in 'n munisipaliteit	E	vergoeding
1.4.4	Realistiese skatting van inkomste vir 'n fiskale of finansiële tydperk	F	geskil
		G	Wet op Arbeidsverhoudinge
1.4.5	Voorsien die munisipale raad van onafhanklik advies	H	dienskontrak
1.4.6	Die doel is om arbeidsvrede in die werkplek te bevorder	I	ouditkomitee
1.4.7	Die noodsaaklike proses om tred te hou van geld, sowel van inkomste ontvang as uitgawes	J	subsidies
		K	dissiplinêre beleid
1.4.8	Meningsverskil tussen 'n werkgewer en werknemers en hul vakbond ten aansien van enige aangeleentheid van gemeenskaplike belang	L	Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid
1.4.9	State van die werknemer se salaris, bonus, ooreengekome verhoging, verwagte prestasie of produktiwiteit en werktye		
1.4.10	Verseker dat alle beginsels van natuurlike geregtigheid toegepas word voor 'n werknemer ontslaan word		

(10 × 1) (10)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 2

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

VOORGESTELDE 10% VERHOGING VAN MUNISIPALE BELASTING



POLOKWANE – Die Wetsontwerp op Belasting in die nuwe munisipale finansiële jaar, wat op 1 Julie 'n aanvang neem, kan beteken dat die inwoners van Polokwane 'n verhoging van 10% in die gesig staar.

Die munisipaliteit het verlede Donderdag, 90 dae voor die nuwe finansiële jaar, 'n konsepbegroting ter tafel gelê ingevolge die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur. Die begroting moet 30 dae voor die aanvang van die nuwe finansiële jaar jaarliks op 1 Julie goedgekeur word.

Die voorgestelde verhoging wat ter tafel gelê is, was 10% vir elektrisiteit, ooreenkomstig die riglyne voorgelê deur die Nasionale Energiereguleerder van Suid-Afrika (NERSA), en water, sanitasie, vullisverwydering en eiendomsbelasting wat ook met 10% verhoog word.

Die begrote raming van die munisipaliteit se inkomste uit elektrisiteit is R1,027 biljoen, en eiendomsbelasting sal R400,714 miljoen en water R284,895 inbring.

(Aangepas uit: *Review Online,* 07 April 2017]

2.1 Identifiseer uit bogenoemde uittreksel VIER dienste wat die Polokwane munisipaliteit voorgestel het wat met ingang 1 Julie verhoog moet word. (4)

2.2 Noem DRIE verskillende kategorieë van inkomste- en uitgawebegrotings wat elke jaar opgestel moet word. (3)

2.3 Verduidelik DRIE bronne van inkomste van die bedryfsbegroting. (3 × 2) (6)

2.4 Wat is die DRIE verskillende tye waarop finansiële beheer kan plaasvind? (3)

2.5 Wat is die verskil tussen *interne beheer* en *interne oudit?* (6)

2.6 Noem NEGE stappe wat gevolg moet word wanneer 'n begroting opgestel word. (9 × 2) (18)

[40]

VRAAG 3

3.1 'Die Hoof Finansiële Beampte is verantwoordelik vir die opstel van die begroting, die tesourie-afdeling en beheer van die munisipaliteit waar die kern- finansiële funksies uitgeoefen word.

3.1.1 Wat is die afkorting vir hoof finansiële beampte? (1)

3.1.2 Verduidelik VIER funksies wat die hoof finansiële beampte verrig. (4)

3.1.3 Aan wie mag die hoof finansiële beampte kern- finansiële pligte van die munisipaliteit delegeer? (2)

3.1.4 Noem DRIE elemente van interne beheer oor die lewering van munisipale dienste. (3)

3.1.5 Verduidelik DRIE voordele van die inwerkingstelling van interne ouditmaatreëls by die Polokwane munisipaliteit. (3 × 2) (6)

3.2 Wat is die munisipale bestuurder se rolle ten opsigte van werkprosedures en –metodes? (4)

3.3 Verduidelik VIER metodes wat gebruik word om die prestasie van werknemers by 'n plaaslike munisipaliteit te evalueer. (4 × 2) (8)

3.4 Verduidelik hoe die gedragskode vir staatsamptenare en openbare betrekkinge die verhouding tussen staatsamptenare beïnvloed. (6 × 2) (12)

[40]

VRAAG 4

4.1 Noem SES funksies wat uitgevoer kan word by die bestuur van die daaglikse aktiwiteite van die Polokwane munisipaliteit. (6)

4.2 Wat is die munisipale bestuurder se rolle ten opsigte van die volgende?

4.2.1 Werkprosedures en -metodes (4)

4.2.2 Personeelverskaffing (4)

4.3 Verduidelik kortliks VYF pligte wat die munisipale bestuurder moet uitvoer wat betref die organisasie van departemente. (5 × 2) (10)

4.4 Noem VIER voordele wat die gebruik van die United of Unified-personeelstelsel by die Polokwane munisipaliteit sal inhou. (4)

4.5 Noem VIER maniere wat die Polokwane munisipaliteit kan gebruik om die voorgestelde verhogings van dienste aan die publiek bekend kan maak. (4)

4.6 Verduidelik VIER aspekte wat die Polokwane munisipaliteit moet oorweeg wanneer hulle deur middel van die pers kommunikeer. (4 × 2) (8)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Verduidelik stakings kortliks onder die volgende opskrifte:

5.1.1 Stakings (beskermde en onbeskermde stakings) (4)

5.1.2 Protesoptrede (2)

5.1.3 Wegbly-optrede (2)

5.2 Noem VIER probleme wat 'n munisipale bestuurder kan ondervind as hy of sy sy of haar pligte sou versuim. (4)

5.3 Beskryf VIER aktiwiteite van raadbeheer ('council control'). (4)

5.4 Verduidelik verplasing kortliks onder die volgende opskrifte:

5.4.1 Definisie (2)

5.4.2 VIER redes vir verplasing (4)

5.5 Bespreek VYF faktore wat in ag geneem moet word om te verseker dat daar 'n goed gemotiveerde werkmag by die Polokwane munisipaliteit is. (5 × 2) (10)

5.6 Verduidelik kortliks VIER funksies wat die Polokwane munisipaliteit verrig om te bepaal wat die menings van die publiek is. (4 × 2) (8)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou